Drie Berge

10 – 12 Maart 2017

Drie Berge is altyd 'n heerlike kamp met die water wat in die agtergrond raas. Na al die reën was die rivier lekker vol en die kamp pragtig groen.

Vrydag aand het Pieter vir almal heerlike gekookte kos voorberei. Frikkadelle, rys en soet pampoen. Hy het ook die geestelike kos, in die vorm van boekevat, vir ons gegee. Na die verwelkoming het almal in groepies by hul waens gekuier.

Saterdag oggend na boekevat is daar Bingo gespeel onder die bome. 'n Bingo kaart word vir R1 gekoop en die wenner kry R20 en 'n sjokolade. Die laaste rondtes en die ekstra geld word na afloop van die Bingo aan die serp-projek geskenk.

Gepraat van serpe, Tjaart het 'n lang tou gespan en al 142 serpe daaroor gehang. Daar is soveel kleure en tekstures en tipes wol, elkeen regtig iets besonders en 'n kunswerk! Dit was heerlik om daarna te kyk en te bewonder. Besonderhede vir die oorhandiging sal op 'n later stadium deurgegee word.

Die res van die dag is heerlik gekuier onder die bome en die aand het ons 'n tipiese somersdag met 'n buurman braai afgesluit.

Sondag se diens was baie vroeg vir sommige mense. Daana het die Rietvalleiers weereens lekker gekuier om die koektafel. Toe is daar traag opgepak terwyl ons wonder hoekom naweke so vinnig tot 'n einde kom....

Magdaleen Viljoen

Sondag koek en tee en kuier



Kampkommandante vir die naweek vlnr: Jean-Piere, Magdaleen en Pieter Viljoen

Wimpie en Mynhardt Marais (links) ontvang 'n aansporing plaatjie vir 80 Streekkampe

Nog foto's van die pragtige serpe